SA JAGTERS- EN WILDBEWARINGSVERENIGING
SA HUNTERS & GAME CONSERVATION ASSOCIATION
Tel: +27 (0) 12 808-9300 • Faks / Fax: +27 (0) 12 808-9344 • E-pos / E-mail: admin@sahunt.co.za • Posbus / PO Box 1952 Montana Park, Pretoria, South Africa, 0159

REëLS VIR DIE STREEK EN NASIONALE SKIETKOMPETISIES

INLEIDING

Die skietkompetisies van die SA Jagters- en Wildbewaringsvereniging is gestruktureerde landswye kompetisies wat beheer word deur dieselfde reëls vir die kwalifiserende fase op streekvlak en die nasionale kompetisies. Die skietkompetisies op streekvlak moet afgehandel wees teen einde Oktober om te kan dien as kwalifiserende tellings vir moontlike uitnodiging van individue na die nasionale kompetisies, waar van toepassing, wat in die tweede helfte van elke jaar sal plaasvind. Die volgende skietkompetisies vind plaas:

SAJWV HAELGEWEERSKIETOEFENINGE EN -SKIETKOMPETISIES

1. Fisant-, Kransduif-, Eend-, Tarentaal- en Compak/Sportingoefeninge

Die Fisant-, Kransduif-, Eend- Tarentaal- en Compak/Sportingoefeninge word op takvlak tydens normale maandelikse takskietdae aangebied, soos hierdie oefeninge by elke tak se aktiwiteitsrooster inpas, maar dit staan ook takke vry om losstaande van hierdie ook addisionele amptelike haelgeweerskietoefeninge te reël.

2. Balkies

Balkies word toegeken vir alle kleiteikenskietoefeninge van die Vereniging (kostes vir Balkies word deur skuts gedra). Administrasie vir balkies vir haelgeweerskietoefeninge wat op takvlak afgehandel word sal deur die Afdeling Opleiding by die nasionale kantoor hanteer word per die voorgeskrewe prosedure vir die aanvraag vir balkies vir skietoefeninge in die Vereniging.

Die toekenning van balkies is as volg: 80% tot 100% = goud; 70% tot 79% = silwer; 60% tot 69% = brons.

3. Intertak- en streekskompetisies

Anders as by intertakjaggeweerskietkompetisies verwys die konsep “intertak” by haelgewere na haelgeweerskietgeleenthede eerder as na kompetisie tussen verskillende takke en dit sluit streekskiete in. Dit staan streke en/of takke vry om binne die beperkinge van die Vereniging se jaarlikse skietkalender aansoek te doen om soveel as moontlik intertakhaelgeweer- en streekskietkompetisies aan te bied as wat hulle sou kon.

Soos wat hierdie tipe van kompetisies oor tyd in die Vereniging ontwikkel, sal daar mettertyd byvoorbeeld die jaarlikse Wesrand-Intertak of Vaaldriehoek-Intertak en so meer as gevestigde geleenthede tot stand kom. Die bedoeling is om vir eers deelname te bevorder eerder as om op die kompetisie-deel van haelgeweer-skiet te konsentreer. Mettertyd sal die sodanige geleenthede landswyd gevestig raak en sal verdere besluite oor die aard en omvang hiervan geneem word..

Intertak- en streekshaelgeweerskietkompetisie word op ’n baan bestaande uit 50 kleie aangebied. Die klei-skietbaan kan as twee Compakbane van 25 kleie elk opgestel word, of as ’n enkele Sportingbaan bestaande uit ten minste 5 skietpunte met 50 kleie.

Vir Intertakhaelgeweerskietkompetisies skryf deelnemers eerstens as lede van hulle tak, in spanverband in (minimum 4 en maksimum 5 lede per span), en daarna ook as individuele skut in een van die kategorieë hieronder gemeld. Die onus berus te alle tye by die skut om te verseker dat alle besonderhede korrek op die span-vorm ingevul is voordat die kompetisie ’n aanvang neem. Organiseerders mag onder geen omstandighede na die aanvang van die kompetisie veranderings aan deelnemers se kategorie-inskrywings aanbring nie.

Kategorieë van inskrywing (Klasse):

· Junior (Seuns en Dogters <18 wat 18 word in die kalenderjaar waarin die kompetisie plaasvind).

· Dames (19 tot 55 – word 19/55 in die kalenderjaar van die skiet)

· Snr Mans (Mans 19 tot 55 – word 19/55 in die kalenderjaar van die skiet en alle ander deelnemers)

· Veterane (Mans & Dames 56 tot 64 - word 56/64 in die kalenderjaar van die skiet)

· Super-Veterane (Mans & Dames 65 en ouer - word 65 in die kalenderjaar van die skiet)

Medaljes moet vooraf vanaf Hoofkantoor op die voorgeskrewe bestelvorm bestel word en is beskikbaar vir

- Topskut /Highgun Goud,Silwer ,Brons
- Junior Goud,Silwer ,Brons
- Dames Goud,Silwer ,Brons
- Snr Mans Goud,Silwer ,Brons
- Veterane Goud,Silwer ,Brons
- Super-Veterane Goud,Silwer ,Brons

Skuts kan beide hul kategorie en die Topskut Medalje verwerf. Vir die Topskut/Highgun op Streekvlak word tellings nie terug getel om ’n wenner te bepaal nie en moet skuts dus uitskiet (beste uit 10 Kleie) sou daar ’n gelykop telling wees. Vir die ander kategorie wenners op Streekvlak mag wel terug getel word.

Op die Nasionale Haelgeweer Kampioenskap sal net uitskiete (beste uit 10 Kleie)wenners in alle kategorie sowel as Topskut/Highgun bepaal indien daar ’n gelykop telling is

4. Nasionale en Individuele Haelgeweerskietkompetisie

Vir die SAJWV se Nasionale Individuele Haelgeweer-skietkompetisie skryf deelnemers as individue in die kategorieë in soos hierbo gemeld. Indien deelnemers nie spesifiek aandui in watter kategorie hulle individueel ingeskryf nie, sal hulle outomaties in die opeklas ingeskryf word. Die indeling in vyfman-aflossings sal tydens inskrywing by Inyathipark gedoen word (indelings is ononderhandelbaar). Die onus berus te alle tye op die skut om te verseker dat alle besonderhede korrek op die span-vorm ingevul is voordat die kompetisie ’n aanvang neem. Organiseerders mag onder geen omstandighede na die kompetisie veranderings aan deelnemers se kategorie-inskrywings aanbring nie.

5. Bane

Vir SA Jagters se Kleiteikenskietoefeninge, word drie variasies van bane gebruik, waar daar in die verlede slegs van ‘n Compak baan gebruik gemaak is, is die Fisant oefening so aangepas om nou ook aangebied te kan word op ‘n standard Trap baan en die nuwe Eend oefening wat aangebied word op ‘n standaard Skeet baan. Die bedoeling van hierdie toevoegings is glad nie om te poog om takke wat bestaande Compak oefening skiet om nuwe bane te bou nie, maar eerder om aan takke wat toegang het tot bestaande Trap en Skeet bane, die kans te gee om hierdie bane te benut.

a. Baan 1 - Compak Baan:

Die klei-teikenoorvlugarea word beskryf as ’n reghoek waaroor die teikens moet trek. Dit moet 25m diep (kante A tot B en D tot C) en 40m wyd wees (kante A tot D en B tot C) (sien diagram hieronder).

a. Hierdie sone moet, waar moontlik, duidelik en sigbaar gemerk word op die vier hoeke (bv. witgeverfde klippe of witgeverfde droppers);

b. Die baan moet 5 skietpunte van 1m2 elk hê;

c. Die posisies van die kleiwerpers en die trajekte van die kleiteikens word by elke oefeninge verduidelik.



b. Baan 2 – ATA Trap Baan:

Die standaard ATA Trap Baan soos op alle kleiteiken skietbane word hier bedoel.



c. Baan 3 – NSSA Skeet Baan:

Die standaard NSSA Skeet Baan soos op alle kleiteiken skietbane word hier bedoel



6. Skietpunte

Die vyf skietpunte bestaan uit 1m x 1m vierkante, in lyn en 3 tot 5m uit mekaar (middel tot middel – sien diagram hierbo) (kan 1m2 sementblokke of net 1m2 wit vierkant merke op die grond wees):

a. Die lyn wat deur die voorkante van die vyf skietpunte loop moet 4 tot 8m terug van, en parallel aan sykant AD van die klei-oorvlugarea wees.

b. Die middelpunt van Skietpunt 3 moet gesentreer op sykant AD van die klei-oorvlugarea wees.

c. Vuurhoekbeperkers moet verkieslik by elke skietpunt aangebring word om veiligheid te verseker deur :

i. Effektief die vuurhoek na die kante te beperk,

ii. Effektief die vertikale vuurhoek te beperk,

iii. Die skut te verhoed om vorentoe van die skietpunt af te beweeg of vorentoe te leun.

7. Kleie (Teikens)

Amptelik gebruik SA Jagters in ons haelgeweer-kleiteikenskietoefeninge normale kleie, midi kleie en sogenaamde hase.



7. Kleie (Teikens)

Amptelik gebruik SA Jagters in ons haelgeweer-kleiteikenskietoefeninge normale kleie, midi kleie en sogenaamde hase.

Normale 110mm

Midi 90mm

Haas/Rabbit